

Inhoud Hierdie preek wys op hoe verskil die bekering van sonde tot die wil van God tussen geestelikes en gelowiges. Christene stel hul liggaam se ledemate tot beskikking van God se diens terwyl geestelikes met bekerings hulle self en hul liggame oorgee, “surrender.” In hierdie oorgawe keer mense hulle tot geestelikes wat vir hulle godservarings en geestelike handleidings gee wat God se wet prakties maak. Gelowiges stel hul tot beskikking van God se diens omdat God saam met hulle lewe en sy Gees vir hulle gee, nie boekies met geestelike stappe hoe om wat, wanneer te doen nie. Geestelikes gee hul self oor aan God met geestelike wroegings waarmee hulle teen hul eie liggaam oorlog voer. Gelowiges wy hulle self liggaamlik in liefde toe aan God se diens. Vir die hele geestelike wêreld buite en binne die kerk is bekering van sonde tot ’n goeie lewe daarom altyd oorgawe aan mag terwyl dit vir gelowiges toewyding in en aan God se liefde is.

Skriflesing Rom. 6: 12 – 23; 8: 12 – 15; 12: 1 – 1,2. Direkte Afrikaanse Vertaling

Teks Rom. 13 b: “Nee, as mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle julleself tot beskikking van God stel, en julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God stel.

Tema Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel

1. Ons is besig om in Romeine 6 te kyk na die twee soorte Christelike bekerings waarmee ons elke dag besig is. Soos die aarde twee soorte draai om die son maak, maak ons twee soorte bekerings elke dag. Verlede week het ons na geloof in Jesus Christus gekyk as die bekering waardeur ons onself dood vir sonde en lewend vir God reken. Dit is die bekering waar ons ons wegkeer uit ons onregverdigheid, onheiligheid, skuld, veroordeling, straf en verwerping van ons sonde en ons tot Christus keer wie ons regverdige, heilige, onskuldige, verheerlikde, beloonde en aangenome kinders van God laat wees.

Vanoggend gaan ons na die ander bekering waarmee ons elke dag besig is, kyk: die draai wat die aarde om sy eie as maak en die verskil tussen duisternis en lig maak.

Paulus beskryf hierdie bekering se twee dele as ’n wegdraai en ’n regdraai. Die wegdraai beskryf hy as om nie jou ledemate as wapens van ongeregtigheid tot beskikking van sonde te stel nie, en die regdraai beskryf hy as maar om jou ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God te stel.

Hierdie soort bekering is so eenvoudig soos dit: om jouself nie beskikbaar te stel nie en om jou self beskikbaar te stel.

Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel

2. Hierdie tweede soort Christelike bekering is heeltemal 'n ander soort bekering as dié waarmee die Jode besig is. Die Jode, soos alle geestelikes, was ook elke dag besig om hul sondes te bely, berou te toon oor hulle oortredings en hulle self weer te verbind om die wet van God te onderhou. Maar wanneer hulle daarmee besig is, is hulle met iets heeltemal anders as gelowiges besig. Soos hulle van sonde wegkeer na God se wet, is nie hoe Christene van sondes tot gehoorsaamheid bekeer nie. Christene en geestelikes is met heeltemal iets anders besig, al is al twee groepe besig om te besluit om weg te draai van sonde en te doen wat die wet van God vir hulle sê.

Wat is die verskil?

- Wanneer geestelikes van sondes tot 'n goeie lewe bekeer, is hulle met “oorgawe” besig. Die woord “oorgawe” soos ons dit hier gebruik word dwarsoor die wêreld in kerke gebruik as “surrender”. Hulle verkondig orals dat bekering beteken dat jy aan God moet “surrender: jou oorgee en onderwerp.
- Wanneer gelowiges van sondes bekeer, is om hulle self tot beskikking van God te stel.

Die woord “tot” beskikking van God stel, is die die woord waarmee Paulus Jode se wegdraai van sonde en toekeer tot God se wet, teenoor Christene se wegkeer van sonde en toekeer tot God se wet beskryf. Om jou liggaam se ledemate tot beskikking van God te stel, is en kan nooit “surrender”, onderwerping aan God wees nie.

3. Is ons besig met oorgawe, “surrender” of om ons tot beskikking van God te stel wanneer ons bekeer van sonde en toekeer tot gehoorsaamheid aan God se wil?

Kom ons lig dit weer toe met die verskil tussen straatkinders en kinders!

Voor 'n straatkind sy toevlug tot 'n maatskaplike werker, sielkundige, pastoor of onderwyser neem, moet hy eers opgee. Hy moet opgee met die lewe waarmee hy besig was om ouersloos op straat op hom self aangewese te wees en op sy eie ouerloos te leef. Hierdie opgee van die lewe gebeur wanneer hulle stukkend, uitgebrand, uitkomsloos en sonder heenkome geword het.

Om na een van hierdie vaderfigure te gaan, beteken dat jy jou lewe as straatkind prysgee. Jy los dit met al die vryhede en wins wat met so ongebonde lewe as straatkind gepaard gegaan het.

En eers dan kom die oorgawe: jy gee jou oor aan die mag van hierdie vaderfigure om jou lewe te beheer deur vir jou te wil, te besluit, te reguleer en te dink omdat jy jou eie wil, lewe, regulasies en idees opgegee het.

Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel

4. Kinders is glad nie met oorgawe besig nie wanneer hulle na hul ouers toe gaan met die vraag: “Wat kan ek vandag vir pa en ma doen?”

Is jy besig om teenoor jou ouers te “surrender” wanneer na hulle gaan en vra wat jy vir hulle kan doen? Is dit ’n oorgawe waarin hulle hul self opgee en prysgee sodat hulle leweloos, willoos, sonder enige selfbeheer en selfregulering hulle aan jou wil, besluite en beheer onderwerp wanneer hulle vra of hulle vir jou iets kan doen?

Dit is nie en dit kan nooit “surrender” wees nie! Dan moes dit só geklink het: “Goed, ek het julle so lank as moontlik vermy, maar nou het julle my in ’n hoek vasgekeer vandag. Ek gee oor wat wil julle hê moet ek doen?” Dit is mos totaal iets anders as wanneer ’n kind kom vra: “Wat kan ek vandag vir pa-hulle doen?” Dit is om hulle self tot jou beskikkings te stel. Dit is presies juis hoekom Paulus hierdie begrip kies as die wyse waarop gelowiges hulle van sonde tot diensbaarheid bekeer.

Om jou van sonde te bekeer, is om te besluit om dat jou liggaam se ledemate is nie meer tot beskikking van die ongeregtigheid van sonde nie. Só draai jy weg van sonde. Om jouself en jou liggaam se ledemate in diens van Gd te stel as wapens van geregtigheid, is hoe jy jou tot die wil van God bekeer.

Bekering is nie onderwerping deur oorgawe nie, maar diensbaarheid deur tot beskikking te wees.

5. Daarom is die eerste en belangrikste deel van hierdie tweede soort bekering die vraag na wie bekeer jy jou?

Na geestelike vaderfigure of na Jesus Christus toe?

Want dit is wie hulle is en wat hulle doen wat die karakter en inhoud van jou bekering bepaal. Dit is wie en wat hulle is wat die verskil maak tussen “surrender”, oorgawe of tot beskikking stel, diensbaar wees!

Wanneer Jode hulle na die rabbi’s, Fariseërs, Sadduseërs, priester en skrifgeleerdes toe gedraai het, het hulle twee dinge met hierdie bekeerlinge gedoen:

1. Hulle het hulle ’n godservaring in die tempel gegee en
2. hulle lewenshandleidings gegee hoe om wat te doen.

U moet onthou dat die werklik probleem van die Joodse geestelike leiers was dat hulle nie die tempel, offers, versoeningsrituele en priesters net as tekens gesien het van wie die Messias gaan wees en wat die Messias vir hulle gaan doen nie. Vir hulle was dit nie meer net tekens nie, maar die werklike mag waarmee hulle God en sy versoening, liefde en krag mee bedryf het in die tempel.

Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel

Dit was die afgodsdienste van die begin tot die einde met die tempel! Wat jy bring is vir hulle regtig die offer vir sondes, die priester is regtig 'n bemiddelaar tussen jou en God, die tempel is regtig God se teenwoordigheid en in en deur die rituele is regtig magsmiddels in hulle hande waarmee hulle jou regtig God se versoening, vrede, geluk, voorspoed en blydskap mee meedeel.

Hulle bedryf in die tempel regtig belewenisse en ervarings met God – deur die hele tempelbedryf.

6. Wanneer jy dan hierdie godservarings in die tempel beleef, dan gee hulle vir jou lewensgidse en lewenshandleidings

Dit is regtig wat hulle tot vandag toe nog doen: hierdie lewensgidse en lewenshandlesings word vandag nog genoem die “Mishna” en die “halaga”. Die woord “halaga”, beteken praktiese toepassings wat jou wys wat om te doen.

Dit het só gewerk! Die Joodse geestelikes het geglo hulle moet die wet van God meer prakties, toepaslik en duideliker maak met hulle riglyne en voorskrifte van hoe jy die wet moet uitvoer. Hulle voorskrifte en verduidelikings oor hoe jy die wet moet uitvoer, is die “halaga” wat vir jou die wet van God meer prakties en toepaslik maak. Sonder hulle praktiese riglyne, sal die wet van God vir jou nie help of rigting gee presies hoe om wat te doen nie.

Die “Mishna” is die hele handleiding met al die praktiese toepassing van die wet van God. In die Joodse geestelikheid het hierdie “gids” in effek die hele Ou Testament vir gewone Jode in hulle lewe verplaas.

Dit is teen hierdie “praktiese lewenshandleidings en geestelike gedragkodes wat Jesus Christus die wet van God sonder enige praktiese handleidings as sy wet in mense se lewe herstel in Matteus 5 in die Bergrede.

7. So! Dit is die twee goed jy kry as jy jouself oorgee aan geestelike vaders” 1. godservarings en 2. geestelike reëls en riglyne as praktiese toepassings van die wet van God.

Wanneer jy jouself na die Here Jesus keer kry jy glad nie godservarings of geestelike lewensgidse wat vir jou die wet van God prakties maak nie.

Jy kry iets heeltemal anders:

1. Jy kry 'n lewe in die liefde van God met God (Rom. 6: 10) en
2. die gawe van die Heilige Gees wat jou lei! (Rom. 8: 15, 16)

Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel

Hierdie gawes is presies die teenoorgestelde van mekaar. 'n Lewe met God in sy liefde is geen godservaring nie en die gawe van die Heilige Gees is geen gids met riglyne hoe om God se wet prakties te maak nie.

Ons kan dit weer toelig met die voorbeeld van straatkinders en kinders!

Wanneer 'n straatkind homself oorgee aan 'n vaderfiguur, kry hy nie 'n ouer nie. Hierdie persoon sal en wil hom nie as sy eie kind aanneem nie. Hy wil net 'n vaderfiguur of moederfiguur wees om vir hulle die gevoel van ouers te gee sodat hulle 'n gevoel kan kry van hoe dit is om 'n kind te wees vir ouers. Hulle kry 'n ervaring of belewenis van ouers en kindskap, maar nie regte ouers vir wie hulle regtig kinders is nie.

Kinders kry nie “ervarings” of “belewenisse” van ouers en kindskap nie. Hulle ouers is regtig hulle ouers en hulle is regtig kinders. Wat hulle van mekaar kry en gee, is liefde. Regte liefde van regte ouers en van regte kinders!

Net so! Wat kry straatkinders van hulle vader- en moeder figure?

Hulle kry gidse wat vir hulle praktiese lewenslesse gee. Hoe om wat, wanneer te doen om reg te leef!

Regte kinders kry nie handleidings en gidse wanneer om wat prakties self te doen nie. Hulle het ouers wat saam met hulle doen en hulle self wys en leer hoe om dit saam met hulle te doen!

8. So! Bekering tot geestelike vaders gaan wees om 'n lewe sonder God op te gee vir 'n lewe met godservarings en om 'n lewe sonder die wet prys te gee vir 'n lewe volgens hulle praktiese gidse. Wanneer jy jou lewe só op gee en prysgee is dit 'n oorgawe: “surrender”.

Wat gaan bekering na Jesus Christus se wil toe wees?

Dit gaan wees om in jou lewe met Hom, jou nie tot beskikking van sonde nie maar tot beskikking van God te stel: Here wat kan ek vandag vir U doen? In hierdie bekering is daar geen oorgawe vir godservarings nie en geen oorgawe aan praktiese gidse hoe om God se wet uit te voer nie.

In hierdie bekering is drie woorde belangrik: liggaam, wapen en geregtigheid!

Kom ons kyk wat beteken hierdie oproep om jou liggaam se lede nie beskikbaar aan sonde nie maar tot beskikking van God te stel. Liggaam beteken regtig net wat dit sê – jou liggaam! Jou hande, voete, geslagtelikheid, jou ore, tong, oë, jou brein se idees en beheer en jou endokriene kliere se gevoelens.

Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel

Die klem op ledemate van jou liggaam beskikbaar te stel, is nie sommer net 'n voorbeeld nie. Dit gaan oor ons as mense wat ingelyf is en deel is wat die liggaam van die Here in die hemel. Ons insluiting in die liggaamlike menswees van die Here vandag in die hemel!

In hierdie inlywing in Christus maak Hy ons met ons liggaam en elke lid van ons liggaam vir God reg en heilig. Paulus bevestig dit in Romeine 12: 1: "Ons moet ons liggame as 'n lewende, heilige en aanneemlike offer vir God aanbied.

Aanbied beteken tot beskikking stel en juis nie "oorgee" nie. Oorgee sou beteken het om jouself op te offer! Om jouself op te offer moet jy jouself as sleg doodmaak en ontken. Maar dit is die teendeel! God het ons heilig, regverdig en goed gemaak, ons en elke deel van ons liggaam, in ons eenheid met die liggaam van Jesus as mens in die hemel, sodat ons onself lewend en heilig tot beskikking van God kan stel.

Tot beskikking stel, beteken om jouself diensbaar aan God te stel as iemand wie na liggaam en siel vir God reg en heilig is. Nie iemand wat sy lewe en liggaam opgee, prysgee en weggee, as oorgawe om reg en heilig te word nie!

9. Die tweede woord wat ons help om te weet wat hierdie bekering inhou, is die woord "wapens"! Bekering beteken jou liggaam is nie meer 'n wapen tot beskikking van die ongeregtigheid van sonde nie maar 'n wapen tot geregtigheid tot beskikking van God. Dit is hoe die 1953 en die direkte vertaling dit vertaal. In die 1983 vertaling het dit net "werktuie geword."

Hoekom word ons liggaamdele hier "wapens" genoem?"

Want met 'n wapen handhaaf jy lewe en verdedig jy lewe! Daarom beteken bekering dat jy met jou liggaamsdele nie meer sonde en die reg van sonde handhaaf of verdedig nie, maar die lewe in geregtigheid handhaaf en verdedig!

Die derde woord gaan oor die verskil tussen ongeregtigheid en geregtigheid! Ongeregtigheid is liefde wat verkeerd is. Dit verduidelik Paulus in Romeine 1: 18 – 32. Liefdes waarmee mense hulle begeertes vervul. Geregtigheid is liefde wat reg is. Liefde wat liefde volgens God se wet is.

Daarom beteken bekering om nie meer jou liggaamdele, jou hande, voete, geslagdele, jou ore, tong, oë, jou brein se idees en beheer, jou endokriene klierse gevoelens, tot beskikking van sonde te stel om 'n lewe in sonde te handhaaf en te verdedig nie. Dit is juis die teendeel, dit is om 'n liggaamlike lewe in en tot die regte liefde met God te handhaaf en te verdedig.

Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel

10. Met hierdie klem op die liggaamlikheid van ons bekering, wys Pauls duidelik dat om jou tot beskikking van God te stel is en kan nooit innerlike “godservarings” wees nie, dit is geesteswroeging en geestesaandoeninge nie. Geesteswroegings met God en geestesaandoenings, belewenisse met God – is iets totaal anders as om jou liggaam se ledemate tot beskikking van die wil van God te stel!

Wat se geesteswroeging of geestelike aandoening het 'n gelowige wanneer hy hom self só liggaamlik tot beskikking van God stel: Here wat kan ek met elke liggaamsdeel wat ek het vandag vir u doen, ek wil nie vandag deurbring as 'n dag waarin ek nie tot U beskikking is nie?

Om jouself op hierdie wyse liggaamlik in diens van God te stel, is net hoe jy as kind van God saamleef met God in die liefde wat hy vir jou het.

Geesteswroegings en geestesbelewenisse met God gaan oor oorgawes aan God, om jouself aan God te “surrender”. Dit is hoe jy opgee en jou liggaamlike beskikbaarheid vir God prysgee om net 'n ervaring van Hom te voel, terwyl Hy nie God met jou is in wie se liefde jy leef nie. Geesteswroegings en aandoeninge word dan wapens wat jy teen jouself gebruik om jouself mee niks, leeg en waardeloos te maak sodat jy goddelik kan wees en nie meer liggaamlik mens vir God kan wees nie. Geesteswroegings en geestesaandoenings met God word wapens waarmee jy teen jou liggaamlikheid kamstig vir God stryd voer en dit as offer oorgee.

11. Dit bring ons by die volgende! Wat gaan 'n ouer vir sy kind sê wat vra: “Wat kan ek vir pa of ma doen?”

Die regte reaksie sal altyd wees: “Kom saam met my, dan wys ek jou waarmee ek besig is en wat jy saam met my kan doen!” Paulus noem hierdie die gawe van die Heilige Gees in Romeine 8.”

Dit is die gawe wat God ons gee om met ons te wees en ons in sy liefde en wil te lei. Dit is die gawe wat God aan sy kinders gee waardeur hulle uitroep: Abba Vader, wat kan ek vir U vandag doen?”

Kan u die verskil sien!

God gee U nie gidse met praktiese toepassing van hoe Hy wil dat jy sy wil moet uitvoer nie. Hy gaan saam met jou en Hyself is jou gids. Nie menslike handleidings hoe om wat wanneer en waar te doen om God se Gebooie te gehoorsaam nie. Dit is omtrent al wat 'n mens op godsdienstige boekwinkels se rakke kry: Tien stappe hoe om te bid; 5 stappe hoe om gelukkig met God te wees; 4 stappe hoe om 'n vriendelike Christen te wees; 5 stappe hoe om 'n versoenende Christen te wees; 8 stappe hoe om 'n missionale Christene te wees!

Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel

Wie hulle self tot beskikking van die Here stel om sy wil te doen, om regtig reg lief te hê, ontvang God as gids, nie mense wat praktiese handleidings skryf hoe om wat, wanneer vir God te doen nie.

Want God is nie 'n vaderfiguur wat vir jou gidse opstel wat jy moet gaan toepas nie. God is die Vader wat jou saam vat om met Hom te leef en te werk in sy diens. Hy wys en lei jou elke dag deur sy Gees waar jy jouself tot sy beskikking stel.

12. Wanneer Die Here vir U sy Gees gee om U in sy liefde te lei, moet jy jouself oorgee? Jouself "surrender"?

Paulus wys die moontlikheid af met die volgende woord wat hy wys waarom bekering gaan: die inhoud van bekering nie oorgawe aan God nie, maar gehoorsaamheid aan God.

In vers 19 wys Paulus wat is gehoorsaamheid aan God – om gebind te wees aan geregtigheid en vry te wees van ongeregtigheid. Dit is om gebind te wees aan die regte liefde volgens die Wet van God, om vry te wees van liefde wat nie regte liefde is nie.

Wat bind 'n straatkind aan regte liefde? Nie waar sien hy dit, waar leer hy daarvan, waar kry hy 'n gids daarvoor nie, waar kry hy 'n ervarings van so iets nie, maar wat bind hom vas aan regte liefde, geregtigheid?

En die antwoord is niks nie! Hy is nie gebind aan liefde wat regtig ouerliefde vir 'n eie kind en regte kinderliefde vir 'n eie ouer is nie! En dit is die werklike betekenis van die woord "losbandigheid" in vers 19, ongebonde aan liefde wat regtig regte liefde is!

Hiermee is Paulus weer by wat hy in Romeine 1 tot 5 verkondig het: God se regte liefde laat jou sy regte kind wees wie se liefde vir God reg is, omdat jy ingelyf is in Christus wie vir jou reg is in jou plek! Ingelyf in Christus is jou ingebind aan regte liefde: die regte liefde wat God vir jou het en die liefde as kind van God vir God, wat God vir Hom laat reg wees.

Gehoorsaamheid is regte liefde van kinders van God wie hulle reg liefhet. En wanneer gehoorsaamheid liefde is, is dat toewyding, nie oorgawe nie.

13. Dit is wat gebeur in hierdie aanbidding: Here, wat kan ek vandag vir U doen, met elke deel van my liggaam?

Dit is om jouself te gee om aan God wat jou deur sy Gees lei, gehoorsaam te wees in sy diens. Dit is nie oorgawe nie, dit is toewyding in liefde. Ek wy my liggaam in diens van God wie my liefhet en sy kind laat wees! Ek ontwy my liggaam aan ongehoorsaamheid aan God!

Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel

Dit is wat in alle bekerings volgens geestelike gidse, leermeesters, onderwysers en ligte nie kan gebeur nie: daar kan geen wyding in liefde aan God wees nie. Daar kan geen gehoorsaam in liefde wees: ek stel myself tot beskikking van God nie!

Hoekom nie?

Want hulle is en bly kinders wat nie aan liefde gebind is nie. Hulle soek God se liefde wat hulle nie het nie en kan nie liefde vir God gee vir hulle in wie se liefde hulle ingesluit is nie!

Mense wat “surrender” het opgegee op liefde! Op God se liefde vir hulle en hulle liefde vir God. Daarom aanvaar hulle maar “godservarings” want in God se regte liefde voel hulle leef hulle nie en regte liefde volgens sy wet, kan hulle nie aan Hom toewy nie!

14. Wanneer “surrender” mense, gee hulle oor, op en prys? Wanneer hulle ontmagtig word deur 'n mag wat hulle oorweldig! Dan soek hulle veiligheid in die oorgawe aan die mag wat hulle oorweldig!

Kan dit 'n bekering wees wat God behaag? Om jouself oor te gee aan God, jou oor te gee aan godservarings en praktiese lewensgidse omdat God vir jou te oorweldigend geword het?

Of is bekering om uit die geloof in God se liefde dat Hy jou sy regte kind laat wees wat vir Hom reg is, jou liggaam tot sy diens kan beskikking stel? Tot beskikking van God met wie ek leef en my deur sy Gees sel lei sonder gidse en geestelike handleidings!

Mense wat “surrender” is nie mense wat tot bekering kom tot God se wil en gehoorsaamheid aan God se wil nie. Dit is mense wat opgegee het op God se liefde en liefde vir God. Mense wat hul self nie meer liggaamlik tot sy beskikking stel en deur sy Gees gelei word nie. Mense wat net tevrede is om “ervarings” te kry van 'n God wie nie met hulle leef nie en praktiese handleidings te kry van mense omdat God se Gees hulle nie lei nie.

Wie oorgee, leef ongebonde ten opsigte van geregtigheid, bly onbekeerd! Wie ingebind is in Christus, stel hul self tot beskikking van God om met hulle liggaam diensbaar te wees! Dit is hoe ons ons na God se wil bekeer en wegkeer van sonde.